Ps. 130: 1, 2.
Ges. 9: 3, 4
" 127: 4

# Jy is die Man!

Kb. / Ank. 11 Febr. '62
Gqeymont 17 " '62

2 Sam. 12: 1-13.

2 Sam. 12: 7 - Toe sê Natan vir Dawid: U is die man!

Ek het al baie gewonder of ons lidmate nog enige sinvoller begrip het waarom ons nog 'n voorbereidiens hou voor 'n Nagm.viering? Ons Pynlike erkenning doen dat vir duisende lidmate is Nagm. self óf ① 'n tradis. Christenfees wat uit piëteit behou en beoefen moet word; óf ② 'n sosiale geleentheid wat voortspruit uit die ou plattelandse Nagm.feeste; óf ③ 'n gewoontefees, 'n skynfunksie wat behou word maar sonder krag of seën of vreugde.

Stel nou alleen d. vr. en antwd van ons K.B. (vr. 81): Hoe moet 'n mens jouself beproef voor jy tot d. Avondmaal v.d Here kom? Dan sal u onthou dat 3 vereistes gestel word: verootmoediging, versekering van vergifnis, voorneme tot meer heiligheid. Dus: daar moet 'n innerlike belewenis kom wat my ou sondige hart & gees openbaar en wat my in 'n nuwe verhouding tot God stel.

Een v.d. duidelikste en treffendste Bybelgebeure wat ons hiervan wonderlik lig gee is d. ontmoeting van Natan & Dawid nadat Dawid oorspel met Batseba gepleeg het. Ons hoor hier 3 uitroepe: Jy - Ek - Hy is die Man!

## I Jy is die Man:

Solank soos d. Bybel gelees word sal die sin gekoppel word aan d. profeet Natan. Van hom weet ons baie min. Maar wat ons weet is dat hy as profeet (soos baie ander profete voor en na hom) geroep is om nie net d. boodsk. van God i.d alg. aan die volk te

verkondig nie, maar om ook wyn God dit van hom geëis het, pertinent op d. man af iemand aan te spreek. Dit was hier die geval.

En tog ~~ook~~ self hier bly God d. wonderlik genadige wat die mens ken: sy opstand, sy protes, sy heftige ontkenning as hy ontdek dat God hom onverhoeds en op heterdaad betrap het! En in eindelose teerhartige barmhartigheid wat d. mens nie wil verneder en verklein nie, kom God altyd eers met 'n algemene benadering. Nie dadelik: Jy is die man! Maar eers: Daar was 'n man. Vgl. Xtus m.d. Sam.-vrou en met die ryk jong man, met ~~Petrus~~, Judas! Dis asof God vir ons part skaam is dat ons sonde nou op d. lappe gaan kom! En nou wil Hy ons die vernedering bespaar. Selfontdek!

Maar as dit nie d. gewenste uitwerking het nie dan moet God, om ons te red, ons as 't ware a.d. bors beetpak, ons padlangs voorkeer en tot stilstand dwing deur te sê: Jy is die man! (Natan as instrument v Gods Gees).

Baie mense dink na gruwel v Dawid se ontugdade dat die Here dit net doen waar dit een of ander gedrags- of seksuele oortreding raak. Totaal verkeerd. Dis Gods metode en roep tot elkeen wat nie anders wil luister, wat in koppige blinde eiegeregtigheid volhard. God sê a.d. gierigaard, d. huigelaar, d. Xten wat geestelik verflou het, d. naamXten: Jy is d man! Sê dit by uitstek deur voorbereiding tot Nagm.: Dink na! Staan stil!

→ Dank God as Hy sowel uit u ouer, so verlang na u redding of terugkeer dat Hy iets of iemand stuur m.d. boodskap: Jy is die man! Dis 'n profetiese woord!

II Die Koninklike Wd: Ek is die Man! As Natan Dawid sy sonde vertel dan hoor ons d. aangrypende belydenis, spontaan en uit d. diepte v. sy hart: „Ek het gesondig teen d. Here!"

1) Sy natuurlike, mensl. reaksie: Kon dit alles koel of heftig ontken het, vermeep het as vals, hom verskoon het of Natan verjaag en verdoof het! // Ons ken al dié reaksies, nie waar, as iemand ons aanspreek, ons wil regkeer of iem. liefde kritiseer: Op ons agterpote — Stil! Ons sou dit goed verstaan het as Dawid dieselfde gedoen het — Natan spaar hom nie: lê sy sonde in al sy felheid en vreeslikheid bloot: Moord-bedrog & lewens-oorspel! Dawid, o Dawid!

2) Wat Dawid wel doen: / Hy roep uit: Ek is die man! Hy kla hom aan voor God (Ps. 51). Hy ontvang genade om eerlik te word met homself. Want hy weet: In die diepste het ek nie met 'n mens te doen nie, maar met God! Alle sonde (ook dié teen my naaste) is eerstens sonde teen God! So bely hy dit in Ps. 51: „Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat kwaad is in u oë!"

→ Wat kos dit nie om sover te kom! Ek weet baie vra: Is dit nie 'n vreeslike vernedering? Om so kaalgestroop te word van al jou selfrespek, al jou manlikheid, al jou agting wat jou mitmens jou gee! Dink aan Dawid: Koning, die hoogste eerplek in die land!

→ Wanneer kom 'n mens so ver om uit te roep:

Ek is die man!

God kan & kyk in die verborge van ons harte in – sien al d. haatdraendheid, die bitterheid, die afguns, die geest. louheid, biddeloosheid, koppigheid, eiegeregtigheid. Hy mag nie toelaat dat u so voortgaan nie – Hy wil u help om daar te kom waar u eerlik sê: Ek is die man! Dan die Nagmaal waar Hy u toets, u weeg, u eenkant roep en vra: Hoe staan dit?
→ U kan nie jaarin, jaaruit d. een N. nad. ander hier en nooit by punt kom waar u ook moet sê: Ek is d. man! Koninklike woord!

III Hy is die Man: vs. 13b – Natan kondig die genadige vergiffenis van God aan: „So het d. Here dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie". In dd. woord is baie meer as 'n gewone vergewensgesinde woord: dis 'n priesterlike woord nie van 'n mens nie, maar v God. Dis God wat kan sê: Daar is 'n Man wat julle sondes dra en julle skuld versoen. Daardie Man is J.X. die Seun v God. In Hom alleen is d. lewe en d. vergifnis: Hy is d. Man!

→ Elke Nagmaal wens dat u al drie uitroepe hoor en beaam:

1. Die prof. wd: Jy is d. man
2. .. Kon. wd: Ek is d. man
3. .. priest wd: Hy is d. Man!